

## 6 Augustus

### Die Here verander jou lot

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 1**  
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:10**

Van 'n bitter, kinderlose vrou wat huilend bid (1:10) tot 'n moeder wat jubelend bid (2:1-10) - só het die Here Hanna se lewenslot verander. Dáárvan sing haar lied. Die Bybel sê dikwels dat die Here sy kinders se lot verander. Dit is soos 'n droom! – sing Psalm 126:1.

Hoekom gebeur dit dan nie in my lewe nie? vra jy. Jy het die Here al soveel keer gesmeek dat jou man moet ophou drink, jou afgedwaalde kind tog terugkeer, jou vrou 'n goeie werk mag vind – en alles bly net soos dit is ...

Dalk help dit om te kyk na die rede(s) vir jou gebede en vir die Here se antwoorde - Hanna se rede was elke Hebreërvrou se hartsbegeerte: om vir haar man 'n seun te gee. Sommige Skrifverklaarders meen selfs elke Hebreërvrou het heimlik gehoop dat háár seun die beloofde Messias sou wees! Die Here se rede was sy belang by Hanna se gekrenkte eer en Peninna se hoogmoed. “Die Here is 'n God van diepe kennis, dae word deur Hom getoets” (2:3b).

Wat is die Here se belang by jou bitter gebede? Sy belang is áltyd die koms van sy koninkryk. Toets jou gebede en sy antwoorde daarop aan hiérdie maatstaf – en jy sal algaande vergenoegd raak.

*Sing: Psalm 126 (1936-beryming)*

*Ds. Johan Botha (Laeveld)*